Ouderdom: GR 1 - 6
Tema: Pinkster
Teks: Efesiërs 5: 18

P I N K S T E R

DOEL: Om die betekenis van die inwoning van die Heilige Gees aan die kinders te verduidelik.

TEKS: Ef. 5:18 ….laat die Gees van God julle vervul. (Ons sou ook kon die woord "vervul" vervang met "volmaak") Lees hierdie teks uit die Bybel - die Bybel moet altyd sentraal staan tydens die aanbieding.

HULPMIDDELS: 3 Ballonne, 'n hanger, 2 toutjies en 'n skêrtjie om die toutjie mee los te knip.

INLEIDING: Wek die kinders se belangstelling deur 2 van die ballonne op te blaas en elk met 'n toutjie vas te bind. Bind dit aan 'n hanger vas en hang op 'n veilige en sigbare plek op.

AANBIEDING: Die ballon wat nie opgeblaas is nie (wys daarna) is lelik, pap, eintlik niks werd nie. Vandag lê dit hier en môre daar en uiteindelik beland dit in die vullisblik. Dit beïndruk niemand nie, maak niemand se hart bly nie en verskaf geen vreugde nie.

Die ballon wat opgeblaas is, lyk vol, mooi, glad, rond en dit trek almal se aandag. Wanneer ons dit in die wind hou, sal dit ook sweef tot groot blydskap van kindertjies. Selfs 'n baba sal dit volg en sy ogies daarop hou. Dit maak almal bly en gelukkig.

Maatjies, watter een wil julle wees? Die pap ballon of die opgeblaasde een?
Daar is iets binne-in hierdie mooi ballon. Ek gaan nou hierdie "iets" laat uitkom en dan vang julle dit vir my. (Knip toutjie los en laat een ballon se wind uitkom).

Wie kon dit vang? Niemand kon dit regkry nie, nè! Watter kleur en vorm was dit? Ons weet ook nie, want niemand het iets gesien nie. Maar ons weet hierdie "iets" was <u>in</u> die ballon, want dit het dit mooi en glad en rond gemaak. Toe die "iets" uitgegaan het, was die ballon plat en lelik. Wat noem ons hierdie "iets" wat in die ballon was? Ja, dit is wind of asem. Weet julle die Heilige Gees werk ook net soos 'n wind, maar die Heilige Gees is die Here wat <u>in</u> ons woon. As Hy <u>in</u> 'n mens se lewe woon, maak Hy 'n mens se lewe mooi en pragtig nes hierdie ballon (opgeblaasde ballon). Soos die wind die ballon vol maak, so maak die Heilige Gees ons lewens ook vol wanneer ons in Jesus glo. Hy maak ons lewens mooi en gelukkig. Jesus is mos nie meer hier by ons op aarde nie, Hy het teruggegaan Hemel toe, maar omdat Hy nie wou hê dat ons alleen moes wees nie, het Hy Iemand in Sy plek gestuur, om soos wat die wind <u>in</u> die ballon is, ook <u>in</u> ons te kom woon en vir altyd by ons te bly. Hierdie Iemand is die Heilige Gees wat <u>in</u> ons kom woon het. Soos wat die wind <u>in</u> die ballon is, so het die Here deur Sy Heilige Gees <u>in</u> ons kom woon en werk.

Ons moet onthou die Heilige Gees is nie 'n "iets" of 'n "spook" of "wind" nie, maar die Heilige Gees is die Here self wat in ons kom woon het. Ons kan nie die wind in die ballon sien nie,

maar dit is daar – so kan ons nie die Heilige Gees sien nie, maar die Heilige gees IS in elkeen wat in Jesus glo.

Die Heilige Gees doen ook sekere dinge in ons:

1. Die Heilige Gees wil ons mooi maak. Daarom help Hy ons om al hoe meer en meer soos Jesus te lyk. Die Bybel sê Hy dra die "vrug van die Gees" in ons lewens. (Gal. 5:22).
2. Die Heilige Gees wil vir ons help om van Jesus te getuig – om van Hom te vertel. (Hand. 1:8) (Blaas die tweede ballon af) Wat maak die geluid? - Die wind in die ballon. Die Bybel sê dat, as ons aan Jesus behoort, die Heilige Gees in ons sal woon en dan sal ons vir ander van Jesus vertel. Die Heilige Gees is soos die wind: Jy hoor altyd sy geluid. En as die Heilige Gees in 'n mens woon, dan kan jy nie anders nie – dan vertel jy vir ander van Jesus - hoe wonderlik Hy is. Dan maak ons die "geluid" van dié Een wat in ons is. Só word Jesus dan deur ons lewe verheerlik deur die werk van die Heilige Gees.

Op Pinksterdag het die Here sy Heilige Gees vir ons gestuur om by ons te bly… en daarom hou ons elke jaar Pinkster, om weer daaraan terug te dink dat die Here deur Sy Gees in ons kom woon het.

AFSLUITING: Sien die blokkiesraaisel as vaslegging aktiwiteit in Bylaag 1 (onder aan)



BYLAAG 1

TOULEIERTJIE 181

PAASBLOKKIESRAAISEL (BL 1)

DWARS:

1. Die ballon wat mooi opgeblaas is trek almal se a.....
2. Daar is "iets" in die ballon waarmee die Heilige Gees in die Nuwe Testament vergelyk word, naamlik .....
3. Die Heilige Gees is nie 'n krag of 'n wind nie, maar 'n P.....
4. Die wind maak 'n ..... as dit uit die ballon gaan.
5. Jesus wil hê ons moet vir ander van Hom v.....

AF:

3. Die Heilige Gees is op P..... uitgestort.
6. Die Bybel sê die Heilige Gees woon in ons as ons in Jesus .....